PRIVAATSKOOL MORIA

☎ **Tel** : (00264) -67 313 051 🖷 **Faks** : 067 313 023
🖃 Posbus 408, Outjo, Namibië, 9000 🖳 **Web** : www.privaatskool-moria.com
@ E-pos : admin@psmoria.com

OMSENDBRIEF NR. 6

November 2020

Geagte ouers

Neem asseblief kennis van die laaste omsendbrief vir die jaar :

SKOOLSAKE:

- **ALGEMEEN:**

  - **Maandag, 11 Januarie 2021:**
    - Personeelvergadering - 08:00 (skool)
    - Gr. 12's & ouervergadering - 16:00 (skoolsaal)
    - Gr. 1 – 3 ouervergadering - 17:00 (skoolsaal)
    - Gr. 4 ouervergadering - 17:30 (skoolsaal)
    - Algemene ouervergadering - 18:00 (skoolsaal)
    - Moria-braai (na afloop van vergaderings) - 20:00 (Huis Onduri)

  Hiermee 'n vriendelike versoek aan alle ouers om ASSEBLIEF bo-genoemde vergaderings by te woon.

  - **Dinsdag, 12 Januarie 2021:**
    Skool begin Dinsdag om 07:00

- **OUERBESONDERHEDE:**

  Ons doen weereens 'n vriendelike beroep op alle ouers om asseblief u **nuutste** besonderhede deur te gee vir die skool wanneer ons open in Januarie (admin@psmoria.com). Wees ons asseblief behulpsaam in hierdie saak.

- **LEERLINGTAL:**

  Moria het 26 nuwe leerlinge bygekry - 14 x gr. 1-leerlinge en 12 x gr. 2- tot gr. 10-leerlinge. Ons het 26 kinders (matrieks ingesluit - 23) waarvan ons afskeid neem in 2020. Ons wens hulle 'n geseënde toekomspad toe en vertrou dat Moria altyd 'n spesiale plek in hulle harte sal hê. Ons sluit af met 198 leerlinge en begin Januarie 2021 met 199 leerlinge. Daar is egter steeds aansoeke uitstaande wat verwerk sal word in die vakansie. Ons vertrou dus, dat hierdie getal steeds kan toeneem.

- **PERSONEEL:**

  Ons sê dan ook totsiens aan me. Sunél Burger wat Moria verlaat aan die einde van hierdie skooljaar. Sy verhuis terug na Suid-Afrika. Ook totsiens aan me. Amorien Grobler wat haar vlerke sprei in Otjiwarongo. Baie dankie vir al julle insette by Moria, ons is dankbaar dat julle deel was van ons en is hartseer om julle te laat gaan.

Ons verwelkom weer die volgende persone wat die afgelope tyd aangestel is by Moria:

- Me. Theresa Feierabend is aangestel in Me. Maryna Esterhuizen se plek as matrone by die koshuis.
- Mnr. Chris van Rooyen is aangestel as koshuisvader in plek van Mnr. Dawid Olivier.
- Me. Alfie Louw is aangestel in me. Sunél Burger se plek vir Wiskunde en Wetenskap gr 5-7.
- Me. Benita Albat is aangestel in me. Amorien Grobler se plek vir Engels en Sosiale studies gr 5-7.
- As gevolg van die herstrukturering was daar posverskuiwings met Mnr. Neil Prinsloo as skoolhoof en Mnr. Loutjie Grobler as adjunkhoof.

Ons vertrou hulle gaan baie gelukkig wees by Moria. Sterkte en voorspoed aan elkeen met die nuwe uitdagings.

■ SPORT & KULTUUR:

A.g.v. Covid-19 het daar 'n beperkte hoeveelheid sport en kultuur plaasgevind. Hier is egter 'n paar uitslae wat ons bereik het.

Jacques Cronje het deelgeneem aan Natme - 'n Wêreldwye kompetisie vir uitvoerende kunste. Hierdie jaar was dit nie soos gewoonlik gehou in Californië nie, maar wel met video's wat ingestuur is vir beoordeling. Jacques het 4 goue medaljes en 1 brons medalje hier verower. Moria is supertrots op ons eie "little drummerboy".

Vier van Moria se leerlinge het ook die afgelope naweek deelgeneem aan voorlopige spanuitdunne vir die Nasionale Gimnastiekspan. Hierdie span word finaal aangekondig nadat die skool reeds gesluit het, maar die uitslae van die uitdunne is as volg:

- Franko Engelbrecht – Double mini - vlak 4 – 1ste plek; Eoro tramp - vlak 3 – 1ste plek;.
- Gerdu Engelbrecht – Tuimel - vlak 5A – 1ste plek; Double mini - vlak 4 – 2de plek; Eurotramp. – vlak 3 – 2de plek.
- Jurian Dreyer -- Tuimel – vlak 6 – 1ste plek; Double mini – vlak 4 – 2de plek; Eorotramp vlak 4 – 1se plek.
- Adorei du Toit – Tuimel - vlak 3 – 2de plek; Double mini – vlak 3 – 3de plek; Eurotramp – vlak 2 – 1ste plek.

Baie geluk aan hierdie gimnaste, ons hou saam duim vas en vertrou dat julle in die nasionale span opgeneem gaan word.

■ FOTO'S:

Weens onvoorsiene omstandighede buite die skool se beheer, sal die bestellings van 2020 se foto's eers in Januarie/Februarie 2021 plaasvind. Pakket-foto's @ N$ 70-00 kan reeds van begin van 2021 by leerling se nuwe voogonderwyser betaal word. Aparte reëling is reeds met huidige Gr. 12-leerlinge getref i.v.m. bestellings. Indien u kind die skool verlaat, kan u met me. Trudie Stander persoonlik kontak i.v.m. bestellings (0812355344) vanaf 12 Januarie 2021 tot einde Januarie 2021.

■ HUIS ONDURI:

Vanaf Januarie 2021 sal Mnr. Chris van Rooyen waarneem as koshuisvader. Hy en sy vrou Jessie en hulle drie kinders kom woon in die huisvaderswoning. Hulle sal reeds gedurende Desember hul intrek neem en alles sal in plek wees wanneer die skool heropen. Me. Jessie van Rooyen was voorheen ook 'n onderwyseres by Moria en gaan help met studiediens, ens. Ons sien uit daarna om haar weer in ons midde te ontvang.

■ AFSKEID VIR 2020:

Ek het gevoel dat ek die volgende aanhaling van `n hooggeplaaste regeringsamptenaar (in Engels) met julle moet deel wat die frustrasies van 2020 die beste weergee: **"We will finish this year next year to make up for this year…. So next year will be this year and this year is next year except for Grades 7 and 12….. this is this year and next year will be next year ….so next year we will go back to the past ….except for the Grades 7 and 12 who will next year will go back to the future…so all of us except Grade 7 and Grade 12 will have Christmas In July and New Year in August ….. I hope this clears things up for ….. and oh, please inform those who are affected accordingly."**

Die jaar 2020 sal beslis vir baie lank nog onthou word as ‘n jaar toe die wêreld en ons eie persoonlike wêrelde geskud is. Dit was die jaar waar ons geduld en frustrasies tot op die uiterstes beproef is. Ons het beslis baie geleer in 2020. Ons het geleer van virusse, higiëne, ‘social distance’, spaarsamig lewe, begrotings, tuisskool, Zoom, Teams en Whats App, dit het nuwe betekenis gekry.

Ons het weer die waarde besef van gesinstyd en alles wat regtig belangrik is in ons lewens en ons het weer besef hoe belangrik familie en vriende in ons lewens is. Ons het weer besef hoe belangrik die ouer-onderwyser verhouding is en dat ons mekaar nodig het vir ons kinders se opvoeding. Dit was `n jaar sonder sport en kultuur, sonder funksies en geleenthede waar ons as Moria-skoolgemeenskap kon saam werk, saam kuier en saam bande bou. Ons sal altyd onthou hoe kinders moes wegkruip om net weer klas te hê saam met `n onderwyser. Ons kinders gaan dit ook onthou en dit gaan uitstaan in hulle skoolloopbaan.

Die jaar 2020 is beslis `n jaar van helde. Eerstens, dit is ons kinders (veral ons matrieks) wat onder hierdie omstandighede steeds moes leer op hulle eie stoom. Tweedens, ons ouers wat in hierdie tyd soveel druk moes hanteer, asook met die skoolwerk van die kinders. Derdens, die direksie van Moria is helde wat baie meer tyd as normaal vir die skool moes afstaan om nuwe planne te maak dat ons skool volhoubaar kan voortgaan. Vierdens, in besonder vir my, is die personeel van Moria vir my helde en heldinne wat onder hewige ekonomiese en sielkundige druk op `n heel nuwe manier moes dink oor onderwys en dit in `n kort tydperk moes implementeer. Hulle moes ouers leer om kinders te leer (Dit sê baie en dit het baie gevat).

Vir my sal 2020 `n jaar wees van helde en heldinne, maar dit was beslis `n jaar waar ons besef het dat jy nie op jou eie planne en kragte kan staatmaak nie, maar ons moet met diepe dankbaarheid uitroep: **“Hy wat in die skuilplek van die Allerhoogste sit, sal vernag in die skaduwee van die Almagtige. Ek sal tot die HERE sê: My toevlug en my bergvesting, my God op wie ek vertrou.”**

Moria-groete!

LOUTJIE GROBLER
SKOOLHOOF

BEDRYFSAKE:

- **SKOOLFONDS – 2021 (JANUARIE TOT MEI):**

Ons is dankbaar vir die lojaliteit v ons ouers en gemeenskap. Met begrip vir die huidige ekonomiese klimaat wil Moria help om ons gemeenskap ekonomies te stabiliseer met die besluit vir 2021 se skoolgelde.

Let wel: Verskeie maatreëls is in plek gestel om uitgawes konserwatief te hou, maar, ons het steeds 'n sekere bedrag nodig om Moria funksioneel -doeltreffend te bestuur, daarom moedig ons Moria se personeel en ouers aan om saam met die direksie, hard te werk met ons projekte, sodat Moria voldoende fondse kan insamel om ons uitnemende werk voort te sit.

Geen verhogings in skoolgelde word egter begroot tot en met Mei 2021 nie. Hierdie scenario word egter heroorweeg in Mei 2021. Indien Moria se ouers ons skoolgelde getrou bly betaal en ons almal saamwerk om met ons projekte tot en met Mei 2021 die gereelde inkomste te verdubbel, sal die skoolfonds steeds “onverhoog” bly. Indien die doelwit met projekte se inkomste nie behaal word teen Mei 2021 nie en die skoolfonds nie getrou betaal word nie sal die skoolfonds in Junie 2021 met 10% verhoog moet word.

Kom ons bou weer lekker saam om ons skoolfonds so laag as moontlik te hou in 2021!

- **Registrasiegeld:**
  - N$ 900-00 (Per gesin)

- **Boekgeld (Per leerling):**
  - Graad 1 - 3 - N$ 800-00
  - Graad 4 - 7 - N$ 1 000-00
  - Graad 8 - 12 - N$ 1 200-00

(Registrasie- en boekgelde van u kinders vir 2021 is reeds in Desember 2020 betaalbaar.)

- **Skoolfonds gehef oor 11 maande (Januarie - November):**
  - 1ste leerling -N$ 3 600-00
  - 2de leerling -N$ 3 300-00
  - 3de leerling -N$ 3 000-00
  - 4de leerling en meer - Gratis

- **Koshuisgeld oor 11 maande (Januarie - November):**
  - N$ 2 850-00 per leerling

Let wel: Indien u die volle jaar se skoolgelde betaal voor die einde Januarie 2021 ontvang u 5% korting. Indien die skoolgelde egter in Junie 2021 verhoog word (soos hierbo uiteengesit) sal die verhoogde bedrag in Junie 2021 betaalbaar wees.

- **PROJEKTE – 2021:**

Sien projektelys vir 2021 aangeheg. Vul asseblief in en stuur terug skool toe voor of op **Dinsdag, 12 Januarie 2021.** Vir enige navrae kan u vir mnr. Derek Scholtz (0813742235) of mnr. Danie J/V Vuuren (0812557554) kontak.

■ BETALING VAN SKOOLGELDE:

Baie dankie aan almal wat getrou skoolfonds betaal het en hulle verantwoordelikhede getrou nagekom het. Ons weet dat dit ‘n moeilike jaar was om kop bo water te hou en ons bedank elkeen wat moeite gedoen het om die uitgawe vir skoolfonds by Moria steeds getrou te betaal.

Die direksie het **kortingsbeurse** toegestaan om ons ouers tegemoet te kom en hiervoor is ons hulle ook dankbaar. Die ooreenkoms met die kortingsbeurse verstryk egter aan die einde van November 2020.

Hiermee dan ‘n versoek dat alle **uitstaande rekenings** vereffen sal word voor die 30ste November 2020. Ouers wie se rekeninge ouer as twee maande is sal nie op Vrydag 26 November rapporte ontvang nie. Hiermee dus ‘n dringende oproep om dit so spoedig as moontlik te vereffen om teleurstelling te voorkom. Geen reëlings kan getref word betreffende uitstaande rekeninge aan die einde van ‘n skooljaar nie.

Ons versoek verder dat elke ouer asb. hulle verantwoordelikhede sal nakom en skoolgelde vir 2020 ten volle sal betaal teen **10 Desember 2020**. Individuele skrywes sal aan ouers gerig word wat hierdie ooreenkoms nie nakom nie. Hierin sal die konsekwensies van die uitstaande skoolgelde uiteengesit wees.

■ DAGBOEKE 2021:

Dagboeke 2021 vir Laerskool en Hoërskool word uitgegee en sal te koop wees by die kantoor in Januarie 2021. Dankie aan Me. Chrisna Engelbrecht vir die samestelling.

Hierdie dagboeke sal die volgende inligting bevat:

- Skakelkomitee-inligting; Moria Projekte en Funksies; Algemene kontakbesonderhede van skool; Skoollied; Personeel se verjaarsdae; Skoolreëls; Kleredrag vir skool.

Die Laerskool-dagboek het ook dissiplinêre tabelle met onderskeie oortredings van leerlinge ingesluit.

Drie dae op een bladsy, genoeg skryfplek, A5-grootte.

Op die voorblad word die drie Karakterontwikkelingsdoelwitte weergegee, nl. Respek, Integriteit en Nederigheid. Die “30” bo in die hoek vertel dat Moria volgende jaar 30 jaar oud is. Die simbool op die voorblad is die van ‘n bestemming op ‘n “GPS”. Dit dui ons rigting/bestemming vir karakterontwikkeling in 2021 aan.

■ **BESTUURSMODEL 2021:**

Die bestuurshoof van die skool is die skoolhoof (Mnr. Neil Prinsloo) en die bestuurs-adjunk van die skool is die adjunk-hoof (Mnr. Loutjie Grobler). Die skoolbestuur word behartig deur die skoolhoof, adjunkhoof en verteenwoordiger van die laerskool (Me. Naomi Le Roux). Me. Le Roux dien nie as adjunkhoof van die laerskool nie, maar wel as bestuurslid wat die laerskool sake behartig. Moria het slegs een skoolhoof en slegs een adjunkhoof.

'n Advieskomitee bestaande uit mnr. Loutjie Grobler; Me. Benita Albat; Me. Michelle Botha; Mnr. Dawid Olivier en Mnr. Jan-Paul Jonck; Chris van Rooyen en Neil Prinsloo vergader om die bestuur te adviseer. Elkeen organiseer individueel – Akademie en Dissipline; Kultuur; Sport; Karakterontwikkeling; Koshuis en Administrasie en Fasiliteite.

"Detail" sal gedurende die eerste Ouervergadering in 2021 aan almal verduidelik word.

■ **GROETE:**

Desember 2020 sluit nog 'n hoofstuk af in die geskiedenisboek van Privaatskool Moria. Januarie 2021 bring weer 'n vars begin. 'n Nuwe hoofstuk in die lewe van ons skoolgemeenskap, die geskiedenisboek van Privaatskool Moria en die saamwees in ons dorp wag om geskryf te word. Nuwe vrae wat ons sal vra, waardevolle idees en oomblikke wat ons kan omhels en geleenthede waar ons kan liefhê lê vir ons voor. Antwoorde wat ontdek moet word en dan uitgeleef moet word in 'n jaar van vreugde en selfontdekking sal gevind word.
Gaan kerf in hierdie vakansie vir jou en jou gesin 'n volhoubare aksieplan vir 2021 uit. Droom groot, rus uit en kom begeesterd terug in 2021!

Geniet die fees-tyd saam met u geliefdes!

NEIL PRINSLOO
BEDRYFSHOOF